

Saterdag 30 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 13:7-25

Fokusgedeelte: Hebreërs 13:20-21

God maak ons welbehaaglik voor Hom deur Jesus Christus

In ons fokusverse sien ons dat die skrywer voorbidding vir die gelowiges doen, nadat hy versoek het dat hulle vir hom ook moet bid. In sy gebed lig hy uit wat God alreeds vir ons gedoen het, en ook dat God ons in Jesus Christus toerus om tot eer van sy Naam te kan lewe.

Waar ons eers vyande van God was, wat dood was deur ons misdade en sonde (Ef. 2:1), bring Hy nou vir ons vrede in Jesus Christus. Jesus is die groot Herder, wat al sy skape kom versamel het, sodat die wat sy Vader aan Hom toevertrou het, nooit verlore sal gaan nie (Joh. 3:15). Hy gee sy lewe sodat daar vrede kan wees tussen God en die mens. Hy gee ook aan almal wat sy Vader vir Hom gegee het, die ewige lewe (Joh. 17:2).

Met die volmaakte offer van Jesus Christus het Hy ten volle vir ons sonde betaal. Nie net bring Hy vrede tussen God en ons nie, maar Hy rus ons ook toe tot goeie werke deur die Heilige Gees om 'n lewe wat welbehaaglik is, voor Hom te lei (vs 21). Ons lees ook in Romeine 6:22: *Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.*

Mag ons elke dag in dankbaarheid lewe en aan Jesus Christus die heerlijkheid gee wat Hom toekom. Hy is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Mag ons elke dag die toekomstige soek, want ons het hier geen blywende stad nie (vs 14). Mag ons vervul word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat ons waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei (Kol. 1:9-10).

Sing: Psalm 119-1:19

Ds. DFC Kruger (Dirk) (Zeerust)